SA brouer stof Aussies en Kiwi's uit

Wen Drienasies-biermaakkroon

Delia du Toit

As jy 'n biertjie of twee oor naweke geniet, is jy 'n flou verskoning vir 'n bierliefhebber.

Prof. Mike Heydenrych, 'n tuisbierbrouer van Centurion wat onlangs die Drienasies-bierbrou-kompetisie gewen het, het 240 ℓ bier in sy yskas. Sy hele eetkamer word ook aan die stokperdjie afgestaan.

"Ek is nie lief vir bier nie – ek is 'n fanatikus," sê hy.

Heydenrych het die kompetisie, waaraan Australiërs en Nieu-Seelanders ook deelneem, vanjaar vir die tweede agtereenvolgende jaar gewen. Net uit Australië is sowat duisend inskrywings ontvang.

Omtrent 20 Suid-Afrikaanse deelnemers se produkte moes per koerier na Australië vervoer word vir die kompetisie. Kenners sê die bier se smaak word daardeur benadeel en die Australiërs het dus 'n voorsprong gehad.

"Dis 'n ekstra pluimpie vir my, want Australië het definitief die tuisveldvoordeel gehad."

Prof. Mike Heydenrych, 'n tuis-bierbrouer van Centurion, wat onlangs die Drienasies-bierbrou-kompetisie gewen het. "Sien, Suid-Afrika kán die Australiërs nog klop," sê hy.
Foto: ALET PRETORIUS

Heydenrych se wenresep, wat koekmeel as een van die bestanddele het, word Berliner Weisse genoem en het 'n ongewone suur smaak. Dit lyk byna soos sjampanje en word juis die "Sjampanje van die Noorde" genoem – 'n verwysing na die drankie se Duitse herkoms.

Die bier moes eers in 'n nasionale kompetisie meeding waar dit 'n tweede plek behaal het. Die Drienasies-beoordelaars het egter gesê dit was 'n maklike keuse. "Ek het nog nooit sulke hoë punte vir 'n bier gegee nie," het een gesê.

Snaaks genoeg het Heydenrych dieselfde bier vir sy klubkompetisie ingeskryf waar dit deur die modder gesleep is. "Dié klomp is seker net nie gewoond aan die beste nie," skerts hy.

Kommersiële bier is vir dié fynproewer bra vervelig. "Dit het heeltemal te veel alkohol in en die geur word afgeskeep. Ware bierliefhebbers drink bier vir die smaak, nie die drank nie."

■ craubenh@beeld.com